# Venster op God en sy pad met mense

**Ook jóú lewe is in God se hand**
Kobus Hattingh (samesteller)

*Bybelstudie oor nege uiteenlopende karakters in die Bybel*

Baie name in die Bybel is baie bekend – interessante en uiteenlopende figure wie se verhale ons ken. Baie voel selfs soos familie. Almal is deur God op 'n lewensreis geneem en hulle is verander. Sommige was weerbarstig, ongehoorsaam, eiewys, kortsigtig – optredes waarmee die meeste van ons kan identifiseer. Die grootste voordeel vir ons is egter dat hulle ons nie net iets van menswees leer nie, maar dat hulle lewe ons iets van God wys – sy onkeerbare betrokkenheid by ons.

*Ook jóú lewe is in God se hand* is 'n Bybelstudie oor nege uiteenlopende mense in die Bybel, opgestel deur 'n kleingroep, vir kleingroepe. Bekende karakters soos Mirjam, Hanna, Gehasi en Eli, asook minder bekende name soos Jefta, Abigajil, Gulda, Anna en Mattias word in diepte bekyk. Temas wat hieruit voortvloei, sluit onder andere die huwelik, heiligheid, roeping, deursettingsvermoë en eerbaarheid in. Hierdie studies is vir diegene wat dieper as die oppervlakte wil lees en die aktuele toepassing daarvan vir vandag wil ontdek.

Die karakters word deeglik ontleed in hulle onderskeie leefwêrelde en die omstandighede waarin ons hulle in die betrokke Bybelgedeelte aantref. Sake wat verband hou met 'n karakter, of wat natuurlikerwyse aansluit by die karakter se verhaal, word uitgelig.

Die studie van Mirjam open byvoorbeeld die geleentheid om oor die posisie van die vrou te praat – destyds en nou. Jefta se hartseer kinderdae is die aanleiding om na te dink oor die impak van omgewingsfaktore op die ontwikkeling van 'n persoon. By Hanna word gevra: Verhoor God *alle* gebede? By 'n ontleding van Eli se verhaal word 'n aspek van kinderopvoeding hanteer. Waar het Eli gefaal – was hy dalk te lief vir sy kinders?

Abigajil sluit verder by Miriam aan en wys ewe-eens dat die rol van die vrou nie beperk is tot net die versorging van haar gesin nie.

Gehasi se verhaal vertel dat korrupsie ook in die kerk kan plaasvind. Maar sou 'n mens nie kon dink dat kennis en geloof in God gelowiges vrywaar van versoeking en sonde nie?

Die verhaal van Gulda in 2 Konings 22-23 wat feitlik woordeliks ooreenstem met die weergawe in 2 Kronieke 34-35, skep die geleentheid om oor die samestelling en ontstaangeskiedenis van die Bybel te praat.

By Mattias, Judas se plaasvervanger in die dissipelkring, vind 'n mens waardevolle riglyne uit die vroeë gemeente vir kerkregering.

Met *Ook jóú lewe is in God se hand* ontdek die leser dat Bybelkarakters relevant vir vandag is. Vanuit die verre verlede van die Bybelverhale, het hulle vandag nog 'n boodskap oor gelowiges se geestelike behoeftes en kwessies van die moderne lewe.

Elke Bybelstudie bevat 'n hele aantal leesgedeeltes vir dieper delf in die Woord, agtergrondinligting oor die karakter, indiepte vrae met riglyne vir moontlike antwoorde, vrae wat die groep saam kan beantwoord, asook spesifieke gebedsonderwerpe wat by die Bybelstudie pas. Die samesteller was 'n predikant in drie NG gemeentes en dosent in Bybelkunde by die destydse Universiteit van Port Elizabeth (UPE).

*Ook jóú lewe is in God se hand* het 173 bladsye en kos R69,95.

BM BYBEL-MEDIA
Direkte bestellings: bestel@bmedia.co.za
Deeloproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**
e-aankope: **www.bybelmedia.co.za**
JY BETAAL GEEN POSGELD NIE